*   *

DR. F. W. GROSHEIDE, *De brief aan de Hebreeen en die brief aan Jacobus. Tweede, herziene en vermeerderde druk*, J. H. Kok, Kampen. 1955.

So bekend soos GROSHEIDE self was ook die vroeëre *Bottenburgserie* wat nou in 'n nuwe en besonder aantreklike vorm by Kok in Kampen uitgegee word. Hierdie is die tweede band van die boekwerk in sy nuwe verskyning wat ons bereik. Dat dit hersien en vermeerder is blyk ook uit die inhoud. Die jongste navorsing tot op die datum van verskyning, soos die werk van SPICQ en MICHAELIS word hierin verwerk. Die outeur is oor die algemeen behoudend; hy waag hom self nie aan die deurgee van nuwe vindinge nie en gaan behoedsaam om met die opname van dié van andere. Dit is meteen die krag en die swakheid van hierdie werk . . . sy krag omdat die leser seker kan wees van die beproefdheid van die materie, sy swakheid omdat die leser hier niks sal vind wat nie reeds elders gestel is nie. Die groot verdienste lê egter in die uitvoerigheid en die helderheid, die besadigde beredenering van problematiese gedeeltes in die eksegese sowel as in die inleiding tot die werk. Die werk is opgeset om die predikant in sy studeerkamer by sy voorbereiding by te staan. Geen ander werk beantwoord beter aan hierdie doel nie, as die huidige uitgawe.

A. S. GEYSER.

*   *